GETUIENISBEDIENING



DANKBAARHEID
2021 – 2022

1 Tess 5:18 – Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

GELOOFSBELOFTEOFFERS (GBO)

Die stelsel van Geloofsbelofteoffers (GBO's) is van die jare 1980's - 1990's deur die NG Kerk gebruik. Hierdie manier van fondse "afsonder"/ spesifiek rig op sending/evangelisasie laat die klem val op sendelinge wat deur 'n verskeidenheid maniere die Evangelie uitdra.

Ons gemeente is in 2004 gestig en ons was toe reeds betrokke by sommige sendelinge wat ons vandag nog ondersteun. Een maal 'n jaar vra ons lidmate om hulle te verbind om GBO's te gee, te bid en te help.

Ons Groot Opdrag kom uit die Bybel: *Handelinge 1:8 – Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*

Fondse word afgesonder en die sendelinge van die Woord is uitgesonder om dag vir dag die Evangelie uit te dra. Soos die kerk ook die jeug of die bejaardes of behoeftige mense uitsonder om te help – dit is wat kerk- en gemeentewees en spesifiek Christenwees behels, dit beteken om 'n volgeling van Jesus te wees. Die slotsom is dat elkeen van ons afgesonder/ uitgesonder/ 'n sendeling/ verkondiger van die Woord/ Christus se voorbeeld is waar ons ook al sit in ons stoel, stap in die straat of werk. So ook is al die kerk se geld, maw die geld wat die Here aan ons toevertrou het, nog steeds Sy geld en bedoel vir die uitbreiding van die Evangelie.

SENDELINGE/ ORGANISASIES – Van wanneer af is ons betrokke? Hulle werksterrein en ons hulp
Sendelinge nr 1: (2004) Hy gee leierskapsopleiding, "bestuur mense", versprei die Woord deur die internet (videos, geskrewe boodskappe, interpretasie vd Skrif)… [GBO, Gebed]
Sendelinge nr 2: (2004) Hulle skep werk vir die desperates in die samelewing, verskaf so 'n inkomste en menswaardigheid, leef die Woord en evangeliseer op hierdie manier, hulle is op voetsoolvlak, gee opleiding vir ander sendelinge …[GBO, Gebed, Fisiese hulp]
Mickey Mouse Dagsorgsentrum, Marinda en Manie Fielies, Asla-park: (2013) Sy het in haar gemeenskap as opvoeder van voorskoolse kinders die geleentheid om Christelike beginsels oor te dra aan kindertjies wat op 'n baie vatbare ouderdom is. [GBO, Gebed, Fisiese hulp]
Pierre Lamprecht, Arbeidsbediening, Mosselbaai: (2004) Evangeliseer besigheidsmense, plaaswerkers, fabriekswerkers, kelners, P&P-werkers. Hy bring 'n boodskap, verleen bystand in fisiese nood, gee dissipelskapopleiding… [Fondse van Kerkraad, Gebed en Fisies hulp]
Louwrens en Jeanne van der Westhuizen, Makhatini Sending, KZN: (2004) Hulle werk in 'n uitgestrekte plattelandse gebied waar bronne beperk is en armoede oorvloedig is, lei mense op om saam met hulle te bedien en verantwoordelikheid te neem, versorg armes deur kos te verskaf, huise te bou, hy bring 'n boodskap, hulle neem mense van die gemeenskap in hulle huis en loop die lewenspad saam, bou kontakte oorsee op vir fondse en kundigheid, ontvang uitreikgroepe… [Fondse van Kerkraad, Gebed]
Frans Böning, Mosambiek Sending: (2004). Ryk uit in 'n plattelandse gebied. [Gebed]
Geopende Deure, (voor 2013) Bring die Evangelie wêreldwyd aan vervolgde mense. [Gebed]
Provinsiale Hospitaal, Leonie Geldenhuys: (±2016). Betrokke by personeel en pasiënte**.** [Gebed en Fisiese hulp]
Lourie en Gisela Ferreira, Kanjanji Orphan Project, Zambië: (2019). Werk met die weduwees en wese. [Gebed]
Gideons, Mosselbaai: (2020) Plaas Bybels in verskillende tale in gastehuise, skole…… [Gebed]
Feba Radio: (2020) Saai uit in ongeveer 50 lande, in 130 tale, vir 770+ uur daagliks, verskaf Bybelkorrespondensiekursusse, gemeenskapsondersteuning… [Gebed]

SENDELINGE/ ORGANISASIES

As ons kyk na van die sendelinge wat ons gemeente vandag ondersteun, is daar 'n wye verskeidenheid maniere waaarop hulle God se verteenwoordigers is. (Ons is almal ledemate van een liggaam, maar verrig verskillende funksies.)

WAT IS GELOOFSBELOFTEOFFERS VIR WÊRELDEVANGELISASIE?

WAT IS GELOOF?

Hebr 11: 1-3 – Geloof egter is sekerheid van die dinge wat gehoop word; 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie. Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar met lof aangaande die mense van ouds getuig is. Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is, met die gevolg dat dit wat gesien kan word, onstaan het uit dit wat nie gesien kan word nie.

MY OFFER

In geloof en in vertroue op die Here, dat dit moontlik sal wees, verbind ek my om een jaar lank tot ons gemeente se fondse tot wêreld- en plaaslike getuienis by te dra. ***Ek verstaan dat ek nie daarvoor gevra sal word nie en dat ek nie my dankoffer of tiendeoffer hiervoor sal aanwend nie. Dit is 'n geloofsooreenkoms tussen MY en die HERE.***

GELOOFSBELOFTEOFFER

***'n Geloofsbelofteoffer** word in **geloofsvertroue** gedoen;
*dit is **'n belofte** deur die lidmaat waarmee hy bereid is om die Here te vertrou vir sy bydrae die volgende jaar (1 Mrt 2021 tot 28 Febr 2022); en
*dit is **'n offer** van dank en toewyding.

Wanneer ons vir getuienis/ wêreldevangelisasie gee (deur ons geld, gebed en werk), stem ons met God saam dat al die mensegroepe (soos die Bybel sê "elke knie sal buig"/ al die nasies) van die wêreld in Jesus Christus glo en Hom moet gehoorsaam. Om 'n Geloofsbelofteoffer te maak, is om te glo dat God se bronne onbeperk is en dat Hy vir wêreldevangelisasie wil gee deur sy kinders. Wanneer ons dus gee, gee ons van God se onbeperkte bronne, want alles wat ons het, kom uit Sy hand.

HOE WORD DIE GBO'S HANTEER?

Deur Getuienisbediening

Die GBO word in 'n GBO-rekening van die kerk geplaas en maandeliks aan die sendelinge/ bedieninge, volgens hulle behoeftes, soos bepaal deur die Getuienisbediening, oorbetaal. Die fondse word slegs vir wêreldevangelisasie gebruik. Die Kommissie vir Finansies en die Kerkraad hou ook toesig.

Deur lidmaat

Laat ons (Getuienisbediening/ kerkkantoor) asb weet as u wil bydra tot die GBO's. Laat ons ook weet al dra u reeds by. Dit is noodsaaklike inligting om 'n begroting op te stel om die geld te bestuur. Vul die vormpie hieronder in/ stuur die inligting per e-pos/ handig in by kerkkantoor. Maak seker dat ons weet wat u naam en kontakbesonderhede is.

Kerkkantoor: ngkerkdanabaai@absamail.co.za

Luzette Jacobs, Voorsitter Getuienisbediening: luzette@telkomsa.net/ 044 698-1494/082 8205029

1Tess 5:18 –

Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

Baie dankie dat u ook gaan bid vir die sendelinge!
Baie dankie vir die Geloofsbelofteoffer.

GELOOFSBELOFTEOFFER 2021-2022

1. NAAM & KONTAKBESONDERHEDE:

NAAM: .....

TELEFOONNR/ SELNR:.....

WOONADRES: .....

E-POSADRES:.....

2. HOEVEEL EN WANNEER:

EENMALIG: R.....

PER MAAND: R.....

KWARTAALLIKS: R.....

3. HOE: (Onthou om die offer te merk as GBO.)

*Betaal dit elektronies oor ……
*Gebruik SnapScan ……..
*Vul ‘n aftrekorder in ……...
*Gee dit vir die ouderling/diaken/dienswerker ……
*Betaal dit in by die kerkkantoor ……
*Plaas dit by ‘n erediens (wanneer ons weer het) in ‘n koevert, gemerk as “Geloofsbelofteoffer”, in die kollektesakkie. (Daar is spesiale koeverte beskikbaar of gebruik jou eie.) ……

3. DIE KERK SE REKENINGBESONDERHEDE IS: ABSA, Mosselbaai, Tjekrekeningnr. 4059113680, Takkode 334-214.